

VERKORTE JAARVERSLAG AREA 6 VAN 2024

Area 6 skop die jaar af by Salt & Pepper in Welkom waar die Area se Konferensie aangebied is deur Port Allen op 22 Februarie 2024. Die tema was KAALVOET DAPPERHEID. Die spreker was Gretha Wiid. Elke gas het 'n piekniekmandjie met hulle middagete ontvang. Die mandjies is by Yonder in Kimberley aangekoop – 'n beskutte werksplek vir volwasse gestermdes. Sodoende is 'n verdienstelike saak ondersteun. Port Allen het die hoogste punte op Konferensie behaal. Mev Petro Rossouw het die sertifikaat ontvang vir die persoon met die meeste inskrywings.

Area 6 bestaan uit 5 takke nl. Hoopstad, Wesselsbron, Port Allen en 2 Bothaville takke - Mielieblom en Schuttessdraai . Die area se ledetal was September 2024, 79 lede.

Wesselsbron – 15 Mielieblom – 9
Port Allen – 19 Schuttessdraai - 14
Hoopstad - 22

Area 6 se lede handhaaf en bevorder onderlinge kameraadskap en vriendskap tussen lede. Takke reik uit na mense in nood in hul gemeenskappe en doen gemeenskapsprojekte.

Die area se takke doen moeite met hul vergaderings en bied heelwat demonstrasies aan soos bv, versiertegnieke, ken jou kamera -fotografie, bubble quilt vir baba, saailinge en groente. Rolkem het by takke demonstrasies aangebied. Werkswinkels van bleach painting en macrame is aangebied.

Fondsinsamelingsprojekte word gehou onder andere spyseniering, lootjie verkope en droë wors verkope. Sonja Herholdt is deur Wesselsbron gekry om op te tree vir fondsinsameling.

Vyf takke woon die Kongres by met `n totale bywoning van 14 lede uit area 6. Ses lede het met hul artikels plek behaal op die kongres. Op SAVLU Kongres het Karen Jankielson `n 2de plek met fotografie behaal en Louise Erasmus `n 1ste plek met skilderkuns. Die Verrykingseminaar is deur 12 lede bygewoon.

Drie area vergaderings is gehou. Op 28 November 2024 het die bestuur hul afsluiting te Wesselsbron gehou.

Met dankbaarheid in ons harte kan Area 6 terug kyk na'n geseënde jaar en wil ons ook ons borg naamlik **Westfert** hartlik bedank vir hulle ondersteuning.